DR. G. BRILLENBURG WURTH: *„Heroriëntering ten aanzien van de ontmoeting tussen Kerk en wereld,"* J. H. Kok N.V., 1955, f2,95.

In hierdie klein werkie van 80 pag. handel die bekende teoloog Dr. G. Brillenburg Wurth oor die: „diepere achtergrond van de evangelisatie. methodiek, problemen als van „communicatie" „solidariteit" enz. vg. pag. 9.

Die wekroep van Dr. Kraemer „er zal op grote schaal interkerklijk geëvangeliseerd moeten worden", het ook in gereformeerde kring sy weerklank gevind. Daar is behoefte in die Gereformeerde Kerk aan 'n heroriëntering van die Evangelisasie-arbeid. As ons in die begin van sy werkie, die skrywer se belangstelling vind vir die werk van „Jeugd en Evangelie" wat hy as 'n interkerklike beweging beskou, en vir die Evangelisasie deur jongmense uit Hervormde en Gereformeerde kring in Charlois, (pag. 7) dan wek hy ons verwagting vir 'n kragtige heroriëntering vanuit gereformeerde hoek. In die verwagting was ons egter teleurgesteld. Ons vind hier slegs 'n weergawe van die heroriëntering wat ons in die Hervormde Kerk van Nederland leer ken het. Die toon waarin hy egter hieroor handel is mild en waarderend. Hy kan hom egter nie daarmee vereenselwig nie, omdat „wij principiëel diepgaand verschillen." Pag. 9.

As skrywer nou die diepgaande verskille aantoon, dan doen hy dit deur die nuwe rigting in die apostolaat van die Hervormde Kerk te kritiseer. Hy laat sy kritiek wortel op die gereformeerde verkiesingsleer. Hierdie Neo-Calvinistiese uitverkiesingsleer, is ten koste van die Apostolaat bekommerd oor die Pastoraat. Die pastoraat mag egter nie remmend inwerk op die apostoliese drang of bewoënheid van die ekklesia nie. Die skrywer voel dit ook aan en worstel daarmee. Sy leer egter van die „mogelijke uitverkorenen", in wie God „misschien" Sy werk reeds begin het, is 'n poging om 'n apostolaats-teologie daar te stel wat moeilik Bybels verantwoord kan word. Rom. 11:32 word as grond vir so 'n apostolaatsteologie aangegee. Dit lyk vir ons onwaarskynlik.

Vir diegene wat op hoogte is met die nuwe apostolêre heroriëntering in die Ned. Herv. Kerk van Holland, open die werkie geen nuwe perspektiewe nie. Sy waarde lê egter daarin, dat 'n begaafde teoloog uit gereformeerde kring in 'n milde toon spreek oor die groot dinge wat die Heilige Gees, in en deur die Nederlandsche Hervormde Kerk in hierdie tyd doen. Hy spreek van die noodsaaklikheid om die mens van ons tyd te begryp, die kommunikasie en solidariteit. Dis eintlik net sy Gereformeerde aksent

in die verkiesingsleer wat hom afwysend laat staan teenoor wat in Hervormde kring plaasvind.

Teen die „Herderlijke Schrijven" van die Hervormde Kerk i.s. die „Christen-zijn" in die wêreld, het hy ook nie so baie beswaar nie, vgl. pag. 75. Hy voel egter dat die „anders-zijn" van die kerk ten opsigte van die wêreld te min aksent kry. Die vraag is of ons die grense moet trek? Moet ons dit nie aan God oorlaat nie? Mt. 13:24-30.

As dit gaan oor die apostolaat van die organisasies, dan voel ons weer die rem van die gereformeerde verkiesingsleer. Die aksent val daar ook meer op die „bewaring" as op die „gaan dan heen" Mt. 28:19.

Sy aksent val te veel op die eksklusiewe ten koste van die inklusiewe karakter van die uitverkiesingsleer, as hy sy kritiese gevolgtrekking maak.

Tog wil ons hierdie boekie sterk aanbeveel, dis prikkelend tot die belangstelling van die allerbelangrikste taak van die Kerk in ons tyd, n.l. die Apostolaat.

PRETORIA-OOS. L. M. LE ROUX.